### *Oor die sin en die onsin van straf na die sonde*

**78** **Die owerste** sê: "Liewe wyse vriend, wat jy sê, is sonder meer reg en goed, maar wat moet ek as vreemdeling nou daaroor sê? Ek glo nou en is daar geheel-en-al van oortuig dat hierdie JaHshua uit Násaret niemand anders is as die enige werklike Elohim in menslike gestalte. En dit is nie soseer aan my geopenbaar deur die groot tekens wat Hy doen nie, maar veel eerder deur Sy grenslose Wysheid. Wie ookal `n wêreld sou wou skep, moet so wys soos Hy wees in elke woord wat Hy uitspreek.

[2] Maar hierdie skurke hier noem hulleself, en dit is `n vreeslike sonde, kinders van Elohim, tot wie Elohim gedurende alle tye hetsy direk of indirek gepraat het. Maar noudat Hyself in lewende lywe na hulle toe kom, verag hulle Hom as `n straatboef en wil Hom bowendien nog uit die stad uitsit! Vriend, ek was `n Romein, wat my godsdiens betref was ek `n kreupele panteïs, `n blinde heiden dus, maar nou glo ek in Hom en staan vir hierdie nuwe geloof met my lewe in!

[3] As hulle heidene was, dan sou ek nie so streng geoordeel het nie, maar omdat hulle hulleself kinders van Elohim noem, en nou vir Elohim, wat hulle hulle Ewige Vader noem, op hierdie wyse hoon, het ek as vreemdeling geen medelye met hulle nie.

[4] Hulle wil JaHWeH Elohim wegwys - nou sal hulleself weggewys word. Ongedierte en onkruid moet weg sodat op hierdie akker wat die Meester nou Self bewerk het, `n suiwer vrug kan groei. Want as die onkruid hier bly, dan bederf dit op die kort termyn alles wat die Meester Self so glansryk gesaai het. Vertel nou vir my heeltemal eerlik - het ek gelyk of nie? Wat moet vir my van meer waarde wees - die Meester, of hierdie ellendige straatgespuis?"

[5] **JonaEl** sê: "Dat jy vanuit jou standpunt heeltemal gelyk het, kan en sal niemand teen stry nie, maar of so iets nou onmiddellik noodsaaklik is, is weer heeltemal `n ander vraag. Dit kan gebeur dat hierdie booswigte, omdat hulle so `n buitengewone skok ontvang het, tot inkeer mag kom en berou sal hê oor hulle boosheid, en daarna hulle lewens verbeter, en dan sal dit tog nie reg wees om hulle almal weg te jaag nie! **Want die sonde van `n mens bly by hom strafbaar vir solank hy daaraan vasklou**; lê die mens egter sy sonde geheel-en-al af en keer hy homself tot die orde soos dit deur Elohim neergelê is, dan het die sonde en gepaardgaande straf niks meer met daardie mens te doen nie.

[6] Dit sou tog die toppunt van onsin wees om iemand, nadat hy sy lewe verbeter het, te straf omdat hy vroeër, in sy blinde dwaasheid en swakheid een of meer kere gesondig het. Dit sou absoluut onwaardig wees teenoor `n waaragtige mens en ten opsigte van enige goddelike orde. So `n straf sou presies dieselfde wees as die geval van die domme geneesheer wat, nadat sy siekes volkome gesond geword het, na hulle toe gaan en sê: Julle het nou weliswaar heeltemal beter geword, maar julle moet begryp dat julle liggame, of dan een-of-ander deel daarvan, teenoor julle gesondig het en gestraf behoort te word in die mate waarin dit julle gepla het. As die geneesdes nou hulle liggame, wat nog maar pas beter geword het, met allerlei kwellinge laat tugtig of met geweld martel, wat kan daar dan tog van hulle genesing tereg kom? Wel, hulle sal daardeur mos nog tien maal sieker word as wat hulle vroeër was. Die vraag is dan: Wat was die nut van so `n ontydige kastyding van die vlees? Was die behandeling self dan nie al voldoende tugtiging van die vlees nie? Waarom dan agterna nog straf, wat die gesonde vlees weer siek maak? As sodanige optrede, wanneer dit maar om die materiële gaan, al uiters dom genoem kan word, hoeveel te meer dan as dit niks ontsien nie en op die geestelike mens toegepas word?

[7] Dit is wel ons plig om diegene wat gesondig het, en daarna hulle lewens volkome verbeter het, broederlik op die groot gevaar van die sonde te wys. Verder moet ons hulle, in hulle verbeterde toestand, met alles enigsins tot ons beskikking ondersteun en versterk sodat hulle nooit weer terugval in die knegskap van die sonde nie. Maar om hulle na hulle verbetering tot verantwoording te roep en te straf, sou tog presies dieselfde wees as om die verbeterde sondaars in sonde tien maal so groot en so erg, terug te stamp!

[8] Die volgende vraag is of sodanige optrede nie honderd maal meer strafbaar voor Elohim sou wees as al die sondes wat die sondaar voor Hom begaan het. **Glo my, die straf wat met elke sonde gepaardgaan, is `n geneesmiddel teen die kwaal van die siel, wat sonde heet**. As die kwaal egter al genees is deur die toepaslike geneesmiddel, waarom, as daar dan nie meer `n kwaal is nie, sou daar nog `n geneesmiddel nodig wees?" **Die owerste** sê: "As `n middel om te voorkom dat die kwaal weer sy kop uitsteek."

[9] **JonaEl** sê: "Ja, Ja, voorbehoedmiddels is wel goed en noodsaaklik, maar, soos ek vroeër al gesê het, moet dit ondersteunend en versterkend werk, nie verswakkend en selfs dodelik nie! Met woede versag mens nooit woede nie, slegs deur Liefde, Sagmoedigheid en Geduld vermag `n mens dit.